Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 21/09 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   - Groot dank aan Dina Carvello vir die skenk van boeke vir die skoolbiblioteek.
   - Die beheerliggaam, personeel en ouers bedank Dalene Bohnen vir die bestuur van die Bonanza-projek. Dit was ‘n baie geslaagde fondsinsamelingsprojek en ons dank aan almal wat meegewerk het om dit ‘n groot sukes te maak.

2. **Afskeid: mnr. Gresse:**
   Op 25 September neem Hoërskool McLachlan van mnr. Botes Gresse afskeid. Die seremonie begin om 10:30 by die skool, waarna die personeel en beheerliggaam ‘n afskeidsete sal bywoon. Mnr. Gresse was vir sewe jaar aan Hoërskool McLachlan verbonde. Hy het diep in ons harte gekruip en daarom wil ons graag op gepaste wyse van hom afskeid neem.

3. **Reëlings: Dinsdag, 25 September, tot Vrydag, 28 September:**

Di. 25 September	Wo. 26 September	Do. 27 September	Vr. 28 September
Dag 1 Periode 2-5 Skool sluit: 11:45 Busroete vertrek: 11:50	Dag 6 Periode 1-9 Skool sluit 12:15 Busroete vertrek: 12:20	Dag 2 Periode 1-9 Skool sluit 12:15 Busroete vertrek: 12:20	Dag 3 Periode 1-3 Skool sluit 10:00 Busroete vertrek: 10:05

4. **Bonanza:**
   Die Bonanza-kompetisie het die pragtige bedrag van R32 080,00 geïn. Baie dankie aan almal wat hierdie projek ondersteun het. Die wenners van die Bonanza-pryse is as volg:

Eerste prys:	Callie van der Westhuizen	(2 rugbykaartjies)
Tweede prys:	Ina Kritzinger	(2 rugbykaartjies)
Derde prys:	Liesbeth Erasmus	(R500-geskenkbewys van Bokmakierie)

   Die volgende klasse het die meeste kaartjies verkoop:

1. Gr. 1 (R4930,00)
2. Gr. 3 (R4120,00)
3. Gr. 4 (R3800,00)
4. Gr. 2 (R3500,00)

   Elke leerder in graad 1 tot 3 het al hul kaartjies en nog meer verkoop. Ons is baie trots op julle.

   Baie dankie aan die volgende leerders wat meer as vyf boekies verkoop het:

René Storm	Gr. 1	(6 boekies)
Gemma Pienaar	Gr. 4	(7 boekies)
Makayla Walters	Gr. 3	(9 boekies)

INTERNET GENERATION
iGen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

David Baldie Gr. 1 (9 boekies)

Ons opregte dank aan A&N Diesel&Parts Distributors en Bokmakierie Slaghuis wat die pryse van die Bonanza geborg het.

5. **Algemene Jaarvergadering: 1 November 2018:**
Alle jongste/enigste leerders het vandag 'n kennisgewing van die AJV wat op 1 November 2018 plaasvind, ontvang. Tydens hierdie vergadering moet die 2019-begroting goedgekeur word.

6. **Langkloof Bloeiselfees: 25 – 28 Oktober 2018:**
Kom koop u kaartjies betyds, om teleurstelling te voorkom.

Datum:	Aktiwiteit:	Plek:	Koste:	Kaartjies beskikbaar by:
Vr. 26 Okt.	Elvis Blue	George McLachlan-saal	Tafels: R160 (ongeag ouderdom) Rye stoele: R110 [Volw/HS-leerders] R80 [LS/VS/ Pensionarisse]	Augusta Mattheus 042 – 2731335 Epos: admin@hsmclachlan.co.za
Sa. 27 Okt. 08:00	"Colour my walk"	McL-sportgronde	R70 [Sluit hektoegang in.]	Inskrywingsvorm beskikbaar by: Daleen Strydom 042 – 2731335 Celeste Walters 083 351 7002

"Paintball":
Tydens die Langkloof Bloeiselfees gaan daar weer "Paintball"-kompetisies aangebied word.
Spanne bestaan uit 5 lede, koste beloop R100 per speler. Inskrywingsvorms is by mnr. Stan Pienaar beskikbaar.

7. **CAMI- en ekstra Wiskundeklasse:**
Daar sal volgende week geen CAMI- en Wiskundeklasse wees nie.

8. **Klerebank:**
Die klerebank is volgende week gesluit.

9. **Finansies:**
Leerders het hierdie week rekeninge vir skoolfonds per hand ontvang. Maak asseblief seker dat u dit by u kind kry.

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan